

Mierwespe se steek is van die pynlikste inseksteke ooit

(Velvet ant, Ameisenwespe)

As jy kennis gemaak het met hierdie kalant, sal jy **weet!** Sy steek is **uiters seer**, seker van die seerste inseksteke wat daar is! Die gif kan ook 'n allergiese reaksie uitlok, maar dit is eintlik nie gevaarlik giftig nie.



Gevleuelde mannetjie



wyfie lyk soos 'n mier

Hierdie diertjie lyk soos 'n mier, maar behoort tot die wespes; die mannetjie het vlerke en is absoluut weerloos, die wyfie het nie vlerke nie, maar 'n angel agter, wat sy dan ook gebruik as dit vasgedruk word. Maar hulle is nie aggressief soos bv. die rooi bye nie, omdat hulle nie 'n hele gemeenskap en/broeisel moet verdedig nie (dit laat sy aan die "gasouers" van haar eie eiertjie se gasheer oor).

Hierdie soort wespe is **alleenlopers**, waar miere altyd as 'n gemeenskap funksioneer.

Die wyfies kan ons dikwels sien, waar hulle haastig op die grond, baiekeer op stoepe of oop sementvloere heen en weer loop of hulle iets soek. Hulle soek na ondergrondse mier- of wespenessies, waar hulle op die larwe een eiertjie kan lê. As dit uitbroei, teer dit op die ander larwe, tot dit papie word en dan later as volwasse insek uit die grond klim. Dus kan ons beweer, dat hierdie wespe **parasities** van aard is, hoewel die volwasse diertjies net van nektaar en water lewe.

Die gevleuelde mannetjie darenteen sal jy slegs op blomme sien, dit soek nektaar vir kos. As gevolg van die vlerke, lyk die mannetjie ietwat anders en 'n mens sal nie maklik sien dat dit die mannetjie van die vlerklose wespe is nie.

Dit kom wêreldwyd voor, veral in Amerika is daar verskillende spesies. In die volksmond word hulle daar *cow killers* genoem (hulle beweer, die pyn is so erg dat dit selfs 'n koei kan gooi, maar natuurlik maak hulle **nie** koeie dood nie).

As ons weet, hoe hulle ons waarsku, sal ons dalk versigtiger wees: Hulle het gewoonlik helder kleure, roeskleurig tot rooierig, geel in kombinasie met swart en dalk wit merke. Party van hierdie wespewyfies kan ook 'n waarskuwingsgeluid maak.

Boererate:

- Smeer die vars steekplek met rou ui.
- Sit die hand/voet wat gesteek is in **warm** (so warm as moontlik) water en hou dit daar vir 'n tydjie.
- Sit dadelik *Antisan inksalf* op
- As die plek dalk later ontsteek, voorkom infeksie deur met antisepticum skoon te maak.

Onthou: Insekbyte en –steke kan hoogs allergiese werking uitlok. 'n Antihistamien teen allergie moet in elke huisapteek teenwoordig wees.

Inligtingsbronne

www.beetlesofafrica.com/cat_select.asp?famcat=Hymenoptera%20Velvet%20Ants

Updated Field Guide to Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Desember 2016